

Datum: \_\_\_\_\_

Afrikaans Tweede Taal – Graad 7

Naam: **MEMORANDUM** \_\_\_\_\_

Klas: \_\_\_\_\_



## Lydende en bedrywende vorm.

- ✓ **Bedrywende vorm:** In die bedrywende vorm begin ons die sin met die **onderwerp** (*subject*).

*Bv: Die seun eet die koek in die klas.*

- ✓ **Lydende vorm:** In die lydende vorm begin die sin met die **voorwerp** (*object*).

*Bv: Die koek word deur die seun geëet.*

## REËLS:

### TEENWOORDIGE TYD (PRESENT):

- Die ww (verb) word vervang met '**word deur**'. Die ww spring na die einde van die sin, met 'n '**ge**'.  
*Bv: Die seun vang die bal. → Die bal **word deur** die seun **gevang**.*

### VERLEDE TYD (PAST):

- Die ww (verb) word vervang met '**is deur**'. Die ww spring na die einde van die sin, met 'n '**ge**'.  
*Bv: Die seun het die bal gevang. → Die bal **is deur** die seun **gevang**.*

### TOEKOMSTIGE TYD (FUTURE):

- Die ww (verb) word vervang met '**sal deur**'. Die ww spring na die einde van die sin, met 'n '**ge**'. Die woord '**word**', word aan die einde van die sin geplaas, na die ww.  
*Bv: Die seun sal die bal vang. → Die bal **sal deur** die seun **gevang word**.*

## ONTHOU!

Voornaamwoorde verander!

*Bv: Die seun vang hom in die swembad. → Hy word deur die seun in die swembad gevang.*

*Bv: Molly het haar geslaan. → Sy is deur Molly geslaan.*

## AKTIWITEIT:

Skryf die volgende korrek oor in die bedrywende vorm:

1. Die seun het 'n hond in die park gevang.

*\_'n Hond is deur die seun in die park gevang. \_\_\_\_\_*

2. Scooby-Doo sal 'n koekie in die tuin.

*\_\_ 'n Koekie sal deur Schooby-Doo in die tuin geëet word. \_\_\_\_\_*

3. Shaggy vang die spook in die kasteel.

*\_\_ Die spook word deur Shaggy in die kasteel gevang. \_\_\_\_\_*

4. Die kinders lees 'n koerant in die bus.

*\_\_ 'n Koerant word deur die kinders in die bus gelees. \_\_\_\_\_*

5. Bennie spot haar.

*\_\_ Sy word deur Bennie gespot. \_\_\_\_\_*

